KONSEPGRONDWET VAN DIE VERENIGING VAN PROFESSIONELE JOERNALISTE (SUID-AFRIKA)

Die onderstaande is 'n vertaling deur Cobus Bester van 'n konsepgrondwet wat op 7 Februarie 2008 opgetrek en saamgestel is deur Michael Schmidt, opleidingsdirekteur van frayintermedia, na gesprekke in 2004-2007 met voormalige vakbondverteenwoordigers van die South African Union of Journalists (SAUJ). In 2008, het hy die konsep aan Mzi Memeza, die hoof-sekretaris van die Southern African Journalists' Association, aangebied, asook die raad van die Nasionale Redakteursforum wat ook die inisiatief aangeprys het, Jane Duncan van die Freedom of Expression Institute, en die raad van Print Media SA. Hierdie konsepdokument word wyd versprei onder joernaliste, media afrigters, media vakbondverteenwoordigers, media akademiese drag, media monitors, en ander liggame geintresseerd in 'n dinamiese, onafhanklik en professioneel media vir hulle kommentaar en insette.

Kontak: Michael Schmidt 011-341-0767 / 082-334-6665 / mschmidt@frayintermedia.com

1. **NAAM**

Die naam van die vereniging is die Vereniging van Professionele Joernaliste (Suid-Afrika) – kortweg ProJourn

2. **REGSTATUS**

ProJourn is gegrond in die wette van die Republiek van Suid-Afrika as ‘n vrywillige, lede-gebaseerde organisasie sonder winsbejag.

3. **EMBLEEM**

ProJourn se embleem is ‘n negatiewe uitbeelding van die letters PJA wat in drie kolomme met vlootblou omlyn is met die naam ProJourn wat onder ook ten volle uitgespel word as Professional Journalists’ Association.

4. **DOELWITTE**.

Die Vereniging van Professionele Joernaliste bevorder etiese, gebalanseerde en verantwoordelike verslaggewing en ontleding in Suid-Afrika ter ondersteuning van diversiteit en demokrasie; verdedig die regte van werkende joernaliste in hulle professionele werk en in hulle weerspieëling van die stemme van die Suid-Afrikaanse volk wat hulle dien; en strewe na gesonde regerings- en korporatiewe beleid rakende die insameling en verspreiding van inligting. ProJourn is:

a) ‘n klub vir werkende joernaliste om die sake van die dag te debatteer;
b) ‘n drukgroep ten gunste van die vryheid om inligting in te win en te versprei en vir die vryheid van spraak in die algemeen;
c) ‘n spilpunt vir opleiding en die oordrag van vaardighede, veral aan die benadeeldes, wat die hoogste joernalistieke standaarde sal voorhou; EN
d) ‘n beskermingsliggaam wat hom sal beywer vir die beskerming van joernaliste in gevaar, hetsy in die veld, die howe of in armoedige omstandighede.

5. **LIDMAATSKAP**

Lidmaatskap van ProJourn is oop vir alle “werkende joernaliste”, breedweg gedefinieer as nuuskantoorpersoneel. Dit omvat joernaliste/verslaggewers, rubriekskrywers, redakteurs, fotograwe, sub-redakteurs, nuus-redakteurs, foto-redakteurs, bylaag/seksieredakteurs, kamera-operateurs, klank-tegnici, aanbieders, navorsers, nuus-spotprentkunstenaars, nuus- en ontledende bloggers, onafhanklike skrywers, grafiese kunstenaars en uitleg-ontwerpers, hetsy voltyds of vryskut, werksaam in die hoofstroom of die gemeenskapsmedia, in die gedrukte, uitsaai-, aanlyn- ander nuwe media. Die enigste voorwaardes is dat hulle werk binne die afgelope jaar gepubliseer of uitgesaai is - en dat hulle saamstem met ProJourn se Doelwitte soos uiteengesit in Klousule 4 van die Grondwet.

Die volgende persone word uitgesluit van lidmaatskap van ProJourn: Nie-redaksionele mediapersoneel soos onder andere drukkers, argivarisse, sekretaresses, skoonmakers, drywers, bestuurslui en bemarkers. Ook uitgesluit is skakelbeamptes en skrywers vir binnenshuise kommersiële of vaktydskrifte wat nie redaksioneel outonoom is nie. Billike oorweging sal egter wel geskenk word aan gemeenskaps- en benadeelde joernaliste wat ongeag ‘n gebrek aan redaksionele onafhanklikheid hulle bewyer om volwaardige professionele joernaliste te word. ProJourn sal hulle deur opleiding, mentorskap en vaardigheidsprogramme aanmoedig om te strewe na redaksionele onafhanklikheid en mag hulle dan later oorweeg vir lidmaatskap. Aansoeke om lidmaatskap kan deur die Sekretariaat toegestaan word, maar persone wie se aansoeke afgekeur word kan ‘n appèrig aan die Kongres vir ‘n finale beslissing.

Daar is drie katogorieë van lidmaatskap:

a) Individuele lidmaatskap: Individue kan aansoek doen om lidmaatskap op grond daarvan dat hulle aan die definisie van ‘n werkende joernalis voldoen. Individuele lede word aangemoedig om hulle lidmaatskap van media-vakbonde te behou en mag ook hulle lidmaatskap van ander professionele liggame behou, mits sodanige liggame se doelwitte nie drasties bots met dié van ProJourn nie. Individuele lede betaal ledegeld en het ‘n gelyke stem by die Kongres;

b) Groeplidmaatskap: Bestaande joernalisteverenigings wat hulle toespits op ‘n spesifieke veld van spesialisnuusdekking of wat onder bepaalde toestande werk soos dit wat deur vryskutwerkers ondervind word of belangegroepe gebaseer op ras, geslag, vermoë of ander oorwegings mag aansoek doen om as groep by ProJourn te affilieer en sodoende afdelings/departemente van ProJourn te vorm. Groeplede onderneem om hulle interne beleid in ooreenstemmings met beleidsbesluite van die ProJourn-Kongres aan te pas.

Groeplede betaal ledegeld as ‘n groep maar stemmery by die Kongres geskied steeds op individuele grondslag. Indiduele lede wat ook lede is van verenigings wat nié by ProJourn geaffilieer is nie, mag sodanige verenigings slegs binne ProJourn verteenwoordig as sodanige status deur die Kongres aanvaar is;

EN

c) Geassosieerde lidmaatskap: Buitelandse korrespondente wat in Suid-Afrika gebaseer is, persklubs, mediavakbonde en ander belanghebbende, joernalistiekverwante partye mag aansoek doen om geassosieerde lidmaatskap. Geassosieerde lede het geen stemreg nie, betaal geen ledegeld nie, maar mag ProJourn se Kongresse as waarnemers bywoon.

6. **STRUKTURE EN PROSEDURES**

ProJourn sal sodanig gestruktureer word om die beste diens aan sy lede te lewer;

a) ProJourn-sekretariaat: Die Sekretariaat se pligte omvat die dag-tot-dag bestuur van PorJourn se sake wat sy verhoudinge met lede en affilate insluit. Die Sekretariaat is ‘n “uitvoerende gesag” in die nouste sin van die woord: hoewel dit getaak is om takties buigsaam te wees in die hantering van dag-tot-dag aangeleenthede, het dit geen lang-termyn strategiese beleidsvormende magte nie. Die Sekretariaat moet minstens een maal per maand vergader. Lede van die Sekretariaat moet almal ‘n geskrewe jaarverslag aan die Kongres voorlê en sal bestaan uit die volgende 11 lede:

i) Die Hoof-Sekretaris sal optree as segspersoon vir ProJourn, goeie betrekkinge bevorder tussen die Vereniging en die publiek en die saak van die professionele joernalistiek en die vryheid van spraak sowel tuis as in die buiteland bevorder;
ii) Die Administratiewe Sekretaris sal sowel interne as eksterne korrespondensie hanteer en alle administrasie bestuur in opdrag van die Kongres;
iii) Die Tesourier is verantwoordelik vir die bestuur van die invordering van ledegeld, die behoorlike beheer van die ProJourn-bankrekening(e) en die besteding van geld in opdrag van die Kongres
iv) Die Koerant-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van koerantjoernaliste in die Vereniging;
v) Die Tydskrif-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van tydskrif/joernaal-joernaliste in die Vereniging;
vi) Die Radio-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van radio-joernaliste in die Vereniging;
vii) Die Televisie-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van televisiejoernaliste in die Vereniging;
viii) Die Agentskap-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van nuusagentskap-joernaliste in die Vereniging;
ix) Die Nuwemedia-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van aanlyn en sogenaamde mobiele joernaliste in die Vereniging;
x) Die Vryskut-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van die vryskutjoernaliste in die Vereniging;
xi) Die Gemeenskapsmedia-Afgevaardigde verteenwoordig die belange van gemeenskapsjoernaliste in die Vereniging.

a) Alle lede van die Sekretariaat het gelyke stemreg. Die Sekretariaat het die mag om Geassosieerde Lede-afgevaardigdes sonder stemreg sitting te gee op Sekretariaatvergaderings en by die Kongres om die belange te verteenwoordig van Geassosieerde Lede sonder stemreg. Lede van die Sekretariaat sal 'n nominale besoldiging ontvang om billike uitgawes soos by voorbeeld Vereniging-verwante reiskoste te dek teen 'n tarief wat deur die Kongres bepaal sal word. Sodanige betalings sal uit die ledegeld geskied.

b) ProJourn-Kongres: Die Vereniging se jaarlikse Kongres bestaande uit alle lede "van goeie naam en faam" is die Vereniging se enigste en hoogste beleidsmakende liggaam. Die Kongres sal minstens een maal per jaar by 'n geskikte plek vergader wat deur die provinsies geroteer sal word en sal ProJourn se strategiese beleidsagenda vir die volgende jaar bepaal.

Die reëls van die Kongres is soos volg:

i) Die kworum is 51% van alle op-betaalde lede;
ii) Die Kongres sal 'n voorsitter kies om die sinvolle vloei van die samesprekings te fasiliteer en 'n notuleerder om 'n akkurate rekord van debatte en besluite te hou;
iii) Die Kongres sal in Engels gehou word as die mees algemene taal van mediakommunikasie, met vertaling vir nie-Engelssprekendes waar nodig;
iv) Die Kongres sal geskrewe jaar- en ander verslae wat deur die Sekretariaat voorberei is, aanhoor en besluit of sodanige verslae aanvaar, ammendeer of verwerp word;
v) Die Kongres sal die Vereniging se strategiese rigting vir die volgende jaar bepaal en het die mag om om publikasies – hetsy harde kopie of elektronies – te skep om die Vereniging se doelwitte soos in Klousule 4 uiteengesit, te reklameer;
vi) Alle stemme sal geheim wees, op 'n individuele basis en van gelyke gewig;
vii) Afwesige lede van "goeie naam en faam" mag vooraf skriftelik volmag aan ander bywonende lede verleen om namens hulle te stem, mits die Kongres sodanige volmag kan staaf;
viii) Besluite moet so ver moontlik deur konsensus bereik word, maar waar dit nie moontlik is nie, word 'n meerderheidstem van 51% vereis om 'n besluit te bekragtig;
ix) Alle besluite van die Kongres is bindend op alle lede, hoewel minderheidsfaksies hulle kan weerhou van die uitvoering van sodanige meerderheidsbesluite, mits hulle dit nie aktief probeer keer nie.
x) Minderheidsfaksies het die reg om in enige interne ProJourn-publikasies vir hulle standpunte stemming te maak;
xi) Die Kongres sal ledegeld op 'n billike skaal vasstel na gelang van ledestatus: hetsy individu of groep, voltyds of vryskut.
xii) 'n Nood-Kongres kan tussen Kongresse deur die Sekretariaat byeengeroep word indien minstens 51% van die lede daartoe instem, maar geen Nood-Kongres het die mag om die Grondwet te verander nie.
xiii) Die verandering van hierdie Grondwet of enige mosies om 'n groep of individu se lidmaatskap van die Vereniging te beëindig weens 'n versuim om aan ProJourn se doelwitte soos in Klousule 4 van die Grondwet vervat, te voldoen, kan slegs deur 'n 2/3 meerderheid van die Kongres goedgekeur word;

xiv) Die Sekretariaat mag egter 'n lid se lidmaatskap opskort oor die beweerde versuim om aan ProJourn se doelwitte te voldoen – en sodanige lid mag sy saak openlik in die Vereniging se interne publikasies stel ter regverdiging van die herinstelling van sy lidmaatskap;
xv) Aan die einde van elke Kongres sal die lede vir 'n nuwe Sekretariaat stem – plus enige ander vrywillige ampsdraers, werkgroepe of komitees wat nodig geag word.
xvi) Verkose werkgroepe of komitees sal geskrewe verslae aan die Kongres voorlê en mag – soos die Sekretariaat – konsep-beleidsdokumente aan die Kongres vir goedkeuring voorlê, maar mag nie Kongres-gemandateerde beleid wysig nie; EN
xvii) Die volle notule van die Kongres sal binne een maand na die Kongres aan alle lede versprei word.

7. **LEDEGELD**

ProJourn is ‘n lidmaatskap-gebaseerde vrywillige vereniging wat slegs bestaan ten voordeel van sy lede en sy beleid word ook net deur sy lede bepaal. ProJourn benodig dus ‘n nominale finansiële bydrae van sy lede om aan sy mandaat te kan voldoen. Die Kongres sal derhalwe ‘n billike en regverdige ledegeld-skaal vasstel. Individuele lede wat voltyds in diens is, sal meer betaal as vryskut-lede. Lede wat tydelike werkloos is, sal nie ledegeld betaal totdat hulle in diens gestel is nie. Die ingesamelde ledegeld sal eerlik en getrou deur die Sekretariaat in die persoon van die Tessourier geadministreer word. Alle geld wat aan ProJourn behoort, behoort aan sy lede en sal uitsluitlik gebruik word om die Vereniging se aktiwiteite te onderhou in die nastrewing van sy doelwitte.

8. **AFFILIËRING**

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet se verskanste waarborg van die vryheid van assosiasie, hou ProJourn hom die reg voor om hom te affiliëer en te assosieer met enige plaaslike, streeks- of internasionale liggame wat na die mening van sy Kongres die beste sy doelwitte sal bevredig – en om hom ook te disaffilieer of te disassosieer van diegene wat dit na sy mening nie doen nie.